
STELLENBOSCH
# WELGELEGEN
NG Gemeente

# 2026



# SORG

# Kontak ons




## KERKKANTOOR

**Kantoorure:** Ma tot Vr: 08:00 - 13:00
**Tel:** 021 886 5975
**E-pos:** skriba@stelwel.co.za
**Webwerf**: www.stelwel.co.za
**Adres**: Buitekringweg 6, Dalsig

**Skriba & Kommunikasie:** Christelle Otto - skriba@stelwel.co.za
**Finansiële Beampte:** Hanli Henke - kassier@stelwel.co.za
**Ontvangs & Barmhartigheidsaksie:** Rina van den Heever - ontvangs@stelwel.co.za
**Orrelis:** Winand Grundling - grundling15@yahoo.com

## LERAARS

**Danie Goosen**
Laetitiasingel 6
Sel: 079 525 3624
danie@stelwel.co.za

**Elzanne van der Westhuizen**
Buitekringweg 11
Sel: 074 144 9226
elzanne@stelwel.co.za

# My dankoffer



## HOE KAN EK MY DANKOFFER GEE?

Lidmate word aangemoedig om deur die gee van 'n gereelde dankoffer deel te wees van die bediening van die gemeente en die uitleef van ons visie.

- Daar is dankofferkoeverte by die hoofingang.
- Al meer lidmate verkies om hul dankoffer deur middel van 'n gereelde elektroniese oorbetaling te doen.
- Jy kan by die bank reël vir 'n maandelikse aftrekorder indien jy nie van elektroniese bankdienste gebruikmaak nie. Onthou asseblief om jaarliks 'n aanpassing te maak.
- Jy kan die Snapscan kode gebruik.
- Kaartfasiliteite is gedurende kantoorure by die kerkkantoor beskikbaar.

Snap here to pay
SnapScan

## BANKBESONDERHEDE

**NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen**
**Nedbank Stellenbosch**
**Takkode: 149 821 / 198 765**
**Rekeningnommer: 149 804 6320**
**Verwysing: Naam, van & waarvoor**

Op die laaste Sondag in Mei hou die gemeente 'n Dankdiens. Die hele Mei is Dankbaarheidsmaand en lidmate word aangemoedig om 'n spesiale dankoffer te gee.

## WAT SÊ DIE BYBEL?

Om te GEE is die voorbeeld wat die Here self vir ons gestel het. Om te GEE is deel van God se wese. Sy "gee" bereik die hoogtepunt in Christus as selfopofferende Verlosser (2 Kor. 8: 9). Vir gelowiges kry dit betekenis in 'n Christen-gesentreerde lewe waar besef word dat 'n mens alles wat jy het, bestuur met die Here se eer as eerste prioriteit! Die Bybel leer ons dat ons ons talente en besittings moet gebruik om vir ons gesinne en families te sorg (1 Tim. 5:4), behoeftiges te help (Matt. 25:34-40; Luk. 10:30-37) en die Here se koninkryk te laat kom (2 Kor. 9:4-18; Fil. 4:10-20).

## WAAROM DANKOFFERS?

Deur ons bydraes maak ons 'n reuse verskil. 'n Gemeente kan nie bestaan sonder lidmate nie. Ons is die gemeente. Ons is ook rentmeesters van alles wat die Here aan ons toevertrou. Deur ons finansiële bydraes, ons tyd en betrokkenheid, wys ons:

**Christus is die Here, bou ons mekaar op, leef ons sy liefde.**

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# JANUARIE 2026

SORG

Ons deuroffers hierdie maand fokus op die jeug.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | NUWEJAARSDAG 1 | 2 | 3 |
| **Epifaniefees**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Sinodale Jeugwerk 4 | 5 | 6 | Kerkkantoor open 7 | 8 | 9 | 10 |
| **Tyd ná Epifanie**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Alta du Toit-skool 11 | 12 | 13 | Skole open 14 | 15 | 16 | 17 |
| **Tyd ná Epifanie**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Huis Andrew Murray<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Kategese-inskrywings & Ouervergadering: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00 18 | 19 | La Clemínce-biduur: 10:00 20 | Geloofsgroei: 09:30 21 | 22 | 23 | 24 |
| **Tyd ná Epifanie** **EERSTES-SONDAG**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>**BEKERTJIE & SAKKIE-SONDAG**<br>Deuroffer: Stellenbosch Jeuguitreik<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00 25 | 26 | 27 | Geloofsgroei: 09:30 28 | 29 | 30 | 31 |

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# FEBRUARIE 2026

SORG

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tyd ná Epifanie**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Ramot<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>1 | 2 | B-Aksievergadering: 17:30<br>3 | Geloofsgroei: 09:30<br>4 | 5 | 6 | 7 |
| **Biddag vir Opvoeding & Onderwys**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: ABBA<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>8 | US-klasse begin<br>9 | La Clemence-biduur: 10:00<br>10 | Geloofsgroei: 09:30<br>11 | 12 | 13 | 14 |
| **Verheerlikingsondag**<br>**NAGMAAL** & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Straatwerk<br>**Familiekategese: 10:30**<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>15 | 16 | Adminkomitee: 18:00<br>17 | Aswoensdag<br>Lydensmeditasies:<br>07:00 & 19:00<br>18 | 19 | 20 | 21 |
| **Lydenstyd Biddag vir Trauma & Verlies**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Badisa<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>**BEGIN-VAN-DIE-JAAR-BRAAI:** 11:00<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Nagmaal by Bonheur: 18:00<br>22 | 23 | 24 | Geloofsgroei: 09:30<br>25 | 26 | Kinderkampoorslaap<br>27 | Kinderkampoorslaap<br>28 |

Ons deuroffers hierdie maand fokus op mense wat 'n stryd voer teen middel-afhanklikheid.

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# MAART 2026

SORG

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Lydenstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Jan Kriel Instituut<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>1 | 2 | 3 | Geloofsgroei: 09:30<br>4 | 5 | Wêreldbiddag vir Vroue<br>6 | Wêreldbiddag vir Mans<br>7 |
| **Lydenstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Huis Horison<br>**Familiekategese: 10:30**<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>8 | 9 | La Clemènce-biduur: 10:00<br>Kerkraad: 19:00<br>10 | Geloofsgroei: 09:30<br>11 | 12 | 13 | 14 |
| **Lydenstyd**<br>Erediens: 09:30<br>**Uit-Sondag vir ons kinders: 09:30**<br>Deuroffer: Innovation for the Blind<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>15 | 16 | 17 | Geloofsgroei: 09:30<br>18 | 19 | 20 | MENSEREGTEDAG<br>21 |
| **Lydenstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>**BELYDENISAFLEGGING & NAGMAAL**<br>Deuroffer: Alta du Toit Nasorg<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>22 | 23 | 24 | Geloofsgroei: 09:30<br>25 | 26 | Skole sluit<br>US-vakansie begin<br>27 | 28 |
| **Groot Lydensweek**<br>**Palmsondag**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Paarlskool<br>29 | Groot Lydensweek<br>30 | Groot Lydensweek<br>31 | | | | |

Ons deuroffers hierdie maand fokus op mense met gestremdhede en spesiale behoeftes.

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# APRIL 2026

SORG

Ons deuroffers hierdie maand fokus veral op werklose mense.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 Groot Lydensweek | 2 Groot Lydensweek | 3 GOEIE VRYDAG<br>Nagmaal: 09:30 | 4 Stil Saterdag |
| 5 **Paassondag**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: ACVV<br>Koinonia Kafee: 10:30 | 6 GESINSDAG | 7 US-klasse begin | 8 Skole open<br>Geloofsgroei: 09:30 | 9 | 10 | 11 |
| 12 **Paastyd**<br>**Biddag vir Gesondheidsdienste**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch Voedingsaksie<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00 | 13 | 14 La Cleménce-biduur: 10:00 | 15 Geloofsgroei: 09:30 | 16 | 17 | 18 |
| 19 **Paastyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch Nagskuiling<br>**Familiekategese: 10:30**<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00 | 20 | 21 | 22 Geloofsgroei: 09:30 | 23 | 24 | 25 |
| 26 **Paastyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Stellemploy | 27 VRYHEIDSDAG | 28 | 29 Geloofsgroei: 09:30 | 30 | | |

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# MEI 2026

SORG

## DANKBAARHEIDSMAAND

Ons deuroffers fokus hierdie maand op haweloses en mishandeldes.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | WERKERSDAG<br>1 | 2 |
| **Arbeidsondag**<br>**Paastyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: StellSorg/StellCare<br>3 | 4 | B-Aksievergadering: 17:30<br>5 | Geloofsgroei: 09:30<br>6 | 7 | 8 | 9 |
| **Paastyd** **MOEDERSDAG**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: MES Kaapstad<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>10 | 11 | La Cleménce-biduur: 10:00<br>12 | Geloofsgroei: 09:30<br>13 | Hemelvaartdag<br>Hemelvaartdiens: 19:00<br>14 | 15 | 16 |
| **Pinkster**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Safehouse<br>**Familiekategese: 10:30**<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>17 | US-Eksamen begin<br>Pinksterdienste:<br>09:30 & 19:00<br>18 | Pinksterdienste:<br>09:30 & 19:00<br>19 | Pinksterdienste:<br>09:30 & 19:00<br>20 | Pinksterdienste:<br>09:30 & 19:00<br>21 | 22 | 23 |
| **Pinksterfees**<br>**NAGMAAL** & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch Nagskuiling<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Nagmaal by Bonheur: 18:00<br>24 | 25 | Adminkomitee: 18:00<br>26 | Geloofsgroei: 09:30<br>27 | 28 | 29 | 30 |

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# JUNIE 2026

SORG

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| MEI 31<br>**Drie-Eenheidsondag**<br>**Biddag vir Ekologie**<br>**DANKDIENS** & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Ekologie-bediening<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>**GEMEENTE-DANKETE:** 11:00<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 | 1 | 2 | 3<br>Geloofsgroei: 09:30 | 4 | 5 | 6 |
| 7<br>**Koninkrykstyd**<br>**Biddag vir Blindes**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Oekraïne-sending<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00 | 8 | 9<br>La Clemence-biduur: 10:00<br>Kerkraad: 19:00 | 10<br>Geloofsgroei: 09:30 | 11 | 12 | 13 |
| 14<br>**Koninkrykstyd** **VADERSDAG**<br>**Biddag vir Jeug en Kategese**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Sending: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek<br>Koinonia Kafee: 10:30 | 15<br>SKOLEVAKANSIEDAG | 16<br>JEUGDAG | 17<br>Geloofsgroei: 09:30 | 18 | 19 | 20 |
| 21<br>**Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Geopende Deure<br>**Uit-Sondag vir ons kinders: 09:30**<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00 | 22 | 23 | 24<br>Geloofsgroei: 09:30 | 25 | 26<br>Skole sluit | 27<br>US-vakansie begin |
| 28<br>**Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Biblia/Hawesending/Seelui | 29 | 30 | | | | |

Ons deuroffers hierdie maand fokus op Getuienis en Sending.

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# JULIE 2026

SORG

Ons deuroffers fokus hierdie maand op opleiding.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Studentebearbeiding<br>5 | Kerkkantoor gesluit<br>6 | Kerkkantoor gesluit<br>7 | Kerkkantoor gesluit<br>8 | Kerkkantoor gesluit<br>9 | Kerkkantoor gesluit<br>10 | 11 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Teologiese Kweekskool<br>12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Hugenote Kollege<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>19 | US-klasse begin<br>20 | Skole open<br>La Cleménce-biduur: 10:00<br>21 | Geloofsgroei: 09:30<br>22 | 23 | 24 | 25 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Stellemploy<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>26 | 27 | B-Aksievergadering: 17:30<br>28 | Geloofsgroei: 09:30<br>29 | 30 | 31 | |

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# AUGUSTUS 2026

SORG

## BARMHARTIGHEIDSMAAND & VROUEMAAND

Ons deuroffers fokus hierdie maand veral op mense met voedselnood.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: ACVV<br>**Familiekategese: 10:30**<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>2 | 3 | 4 | Geloofsgroei: 09:30<br>5 | 6 | 7 | 8 |
| **VROUEDAG**<br>**Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch-Welgelegen Noodfonds<br>9 | VROUEDAG GEVIER<br>10 | La Clemènce-biduur: 10:00<br>Adminkomitee: 18:00<br>11 | Geloofsgroei: 09:30<br>12 | 13 | 14 | 15 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch Voedingsaksie<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>16 | 17 | 18 | Geloofsgroei: 09:30<br>19 | 20 | 21 | 22 |
| **Koninkrykstyd**<br>**Bybelsondag**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Bybelverspreidingsfonds<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>23 | 24 | Kerkraad: 19:00<br>25 | Geloofsgroei: 09:30<br>26 | 27 | 28 | 29 |

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# SEPTEMBER 2026

SORG

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **BARMHARTIGHEIDSONDAG**<br>**NAGMAAL** & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Bediening aan Dowes en NID<br>**Familiekategese: 10:30**<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Nagmaal by Bonheur: 18:00<br>**30** | AUGUSTUS<br>**31** | **1** | Geloofsgroei: 09:30<br>**2** | **3** | US-vakansie begin<br>**4** | **5** |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Internasionale Studentebediening<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>**6** | **7** | La Cleménce-biduur: 10:00<br>**8** | Geloofsgroei: 09:30<br>**9** | **10** | **11** | LENTEFEES <br>**12** |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Huis Horison<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>**13** | US-klasse begin<br>**14** | **15** | Geloofsgroei: 09:30<br>**16** | **17** | **18** | **19** |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Bediening aan Jode<br>**Uit-Sondag vir ons kinders: 09:30**<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>**20** | **21** | **22** | Skole sluit<br>Geloofsgroei: 09:30<br>**23** | ERFENISDAG<br>Lesotho-uitreik<br>**24** | Lesotho-uitreik<br>**25** | Lesotho-uitreik<br>**26** |
| **Koninkrykstyd**<br>**Biddag vir Bejaardes**<br>Lesotho-uitreik<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Huis Ebenhaeser<br>**27** | Lesotho-uitreik<br>**28** | Lesotho-uitreik<br>**29** | Lesotho-uitreik<br>**30** | | | |

September is Lentefeesmaand! Ons begin met 'n Lenteloop vroeg op 12 September waarna verkope by die tafels open: koffie & koek, pannekoek, jaffles, kerrie & rys, poeding, beskuit, boereworsrolle, konfyt, pasteie, vleis & wors, groente & vrugte, heuning, blomme, handwerk, braaivleis & slaai, wit olifante en potjiekos! Vir die kinders is daar speletjies, lekkergoed en koeldrank én 'n tombola-wiel om te draai! Kom kuier saam!

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# OKTOBER 2026

SORG

## KERSFEESPROJEK BEGIN

Ons deuroffers fokus hierdie maand op bejaardes en siekes.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Lesotho-uitreik<br>1 | Lesotho-uitreik<br>2 | Lesotho-uitreik<br>3 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Geluksoord Tehuis vir Bejaardes<br>4 | 5 | Skole open<br>6 | Geloofsgroei: 09:30<br>7 | 8 | 9 | 10 |
| **Koninkrykstyd**<br>**MATRIEKSONDAG**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Hospitaalbearbeiding<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>11 | 12 | La Clemènce-biduur: 10:00<br>13 | Geloofsgroei: 09:30<br>14 | 15 | 16 | 17 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch Hospice<br>**Familiekategese: 10:30**<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>18 | 19 | B-Aksievergadering: 17:30<br>20 | Geloofsgroei: 09:30<br>21 | 22 | Kinderkampoorslaap<br>23 | Kinderkampoorslaap<br>24 |
| **Koninkrykstyd & Hervormingsfees**<br>**NAGMAAL** & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Utopia Tehuis vir Bejaardes<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 - 19:00<br>**BYBELNAGTE: 18:00**<br>25 | US-Eksamen begin<br>26 | 27 | Geloofsgroei: 09:30<br>28 | 29 | 30 | 31 |

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# NOVEMBER 2026

SORG

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>**GR 7-SONDAG**<br>Deuroffer: Sinodale Kinderhuise<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Tieners & Belydenisgroep: 18:00 (Afsluiting)<br>Nagmaal by Bonheur: 18:00<br>1 | 2 | Adminkomitee: 18:00<br>3 | Geloofsgroei: 09:30<br>4 | 5 | 6 | 7 |
| **Koninkrykstyd**<br>Erediens & Junior Kategese: 09:30<br>Deuroffer: Jamestown Sounds<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>8 | 9 | La Cleménce-biduur: 10:00<br>10 | Geloofsgroei: 09:30<br>11 | 12 | 13 | 14 |
| **Biddag vir Beskermingsdienste**<br>Erediens: 09:30<br>**KATEGESE AFSLUITING**<br>**Uit-Sondag vir ons kinders: 09:30**<br>Deuroffer:Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>15 | 16 | Kerkraad: 19:00<br>17 | Geloofsgroei: 09:30<br>(Afsluiting)<br>18 | 19 | 20 | 21 |
| **Sondag van Christus die Koning**<br>Erediens & **NAGMAAL**: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch Jeuguitreik<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>22 | 23 | 24 | Kersprojek-verpakking:<br>09:00 - 12:00<br>25 | 26 | 27 | 28 |
| **Eerste Sondag van Advent**<br>**KERSSANGDIENS**: 09:30<br>Deuroffer: Stellenbosch Vigsaksie<br>Koinonia Kafee: 10:30<br>**EINDE-VAN-DIE-JAAR-BRAAI:** 11:00<br>29 | Kersprojek: Kersete vir Stellenbosch Nagskuiling<br>30 | | | | | |

## KERSFEESPROJEK GAAN VOORT

Ons deuroffers fokus hierdie maand op kinders.

NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# DESEMBER 2026

SORG

## KERSFEESPROJEK GAAN VOORT

Ons deuroffers hierdie maand fokus op sinodale gemeente-ontwikkeling.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Wêreldvigsdag<br>La Cleménce-biduur: 10:00<br>1 | Kerkkantoor gesluit:<br>(Personeelafsluiting)<br>2 | 3 | 4 | 5 |
| **Tweede Sondag van Advent**<br>Erediens: 09:30<br>**Bevestiging van nuwe Kerkraadslede**<br>Deuroffer: Gemeenteondersteuning<br>Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee: 10:30<br>Diens by Bonheur: 18:00<br>6 | 7 | 8 | Skole sluit<br>9 | 10 | US-vakansie begin<br>11 | 12 |
| **Derde Sondag van Advent**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Gemeentebediening<br>13 | 14 | 15 | VERSOENINGSDAG<br>16 | 17 | 18 | 19 |
| **Vierde Sondag van Advent**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Nuwegeloofsgemeenskap-ontwikkeling<br>20 | 21 | 22 | 23 | 24 | KERSDAG<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Kerkbode-Kersfonds en Studietrust<br>25 | WELWILLENDHEIDSDAG<br>26 |
| **Sondag ná Kersfees**<br>Erediens: 09:30<br>Deuroffer: Arbeidsbediening<br>27 | 28 | 29 | 30 | 31 | JANUARIE 2027<br>NUWEJAARSDAG<br>1 | |



# Hoe maak ek 'n verskil?

**Die ACVV** bied maatskaplike dienste en bemagtigingsondersteuning aan talle mense wat in nood is: kinders, bejaardes, gestremdes, individue en gesinne. Die ACVV bedryf 'n winkel vir tweedehandse klere en produkte vir aanvulling van fondse. Die ACVV se nommer is 021 883 3015.

**Give Responsible-koepons (voorheen Heartflow)** is teen R10 elk te koop by die kerkkantoor. Dit kan gegee word aan persone op straat en kan geruil word vir 'n nag se slaap by die Nagskuiling.

**ABBA** (deel van Badisa, die NG Kerk en VGK se bediening vir barmhartigheid). By ABBA word rolspelers gemobiliseer om middelafhanklikheid (alkohol- en dwelmmisbruik) te voorkom en te behandel. Gesinne wat geraak word, word ondersteun. Behandeling word by twee sentrums, Ramot en Toevlug, gegee. Ons verteenwoordiger is Betta Augustyn (072 200 3313 / betta@stellemploy.org). ABBA se nommer is 021 883 8030.

**Tehuise vir bejaardes:** Ons poog om betrokke te wees by verskeie tehuise vir bejaardes in die Stellenbosch omgewing, hetsy met die aankoop van behoeftes en noodsaaklikhede, die bederf van die personeel of met Woordbediening.

**Dienswerk tydens eredienste:** Verwelkom kerkgangers by die deure, deel kennisgewings uit, neem offergawes op en bedien brood en wyn by nagmaalgeleenthede. Skakel die kerkkantoor (021 886 5975 of skriba@stelwel.co.za).

**Safehouse** is 'n plaaslike skuiling vir mishandelde vroue en kinders en persone met krisisswangerskappe. Safehouse se nommer is 021 883 2574. As jy by hierdie organisasie betrokke wil raak, skakel vir Marie Neethling (082 363 3000 / marieneethling72@gmail.com).

**Bless-a-baby sakke:** Gemeentelede stik tuis vooraf geknipte sakke vir die Bless-a-Baby projek. Kontak die kerkkantoor indien jy wil saamwerk (021 886 5975 / ontvangs@stelwel.co.za).

**Huis Horison** is 'n tehuis in Stellenbosch waar mense met primêr intellektuele gestremdheid lewenslank gehuisves en versorg word. Die tehuis is grootliks afhanklik van die steun van die gemeenskap. Heelwat inwoners het nie ouers of ander familie nie. Kom sluit aan by die *Kring van Vriende van Huis Horison* en help met projekte soos houtwerk, brei, naaldwerk, hekel, kaartjiesmaak, kralewerk en storieslees. Ons verteenwoordiger is Anna-Marie Brand (annamarie_brand@yahoo.com / 082 327 0348). Huis Horison se nommer is 021 887 5080.

**Nagskuiling** bied oornaggeriewe, aandete en ontbyt aan hawelose mense teen 'n nominale bedrag. Voedsel en komberse word voorsien waar nodig. Ons verteenwoordiger is Marietjie Visagé (mriki.visage@gmail.com / 082 394 0243). Nagskuiling se nommer is 021 886 6173 en hulle e-pos is info@stellenboschnightshelter.co.za.

**Internasionale Studentebediening** reik uit na internasionale studente op ons dorp sodat hulle vriendskap sal ervaar van die plaaslike gelowiges en blootgestel word aan die Evangelie. Die kontakpersoon is Magdaleen Goosen (082 427 2924).

**Jamestown Sounds Musiekprojek** reik uit na die kinders van Jamestown, Cloetesville en Idasvallei sodat so veel as moontlik kan leer om 'n musiekinstrument te bespeel of koor te sing. Die projek het 'n positiewe en verrykende uitwerking in die gemeenskap. Ons gemeente se verteenwoordiger is Karin Calitz (082 905 2888 / kbc@sun.ac.za).

**Jeuguitreik** is 'n Stellenbosse organisasie wat na die belange van ongeveer 20 kinders omsien wat om verskeie redes deur die hof weggeneem is van hul ouers. Blyplek word voorsien terwyl 'n groter groep, die sogenaamde "drop-in"-kinders, aanmeld vir kos en hulp met huiswerk. Programme en ontspanning word ook vir die kinders aangebied. Jeuguitreik se nommer is 021 886 6216 en hul e-pos is yo.stellenbosch@gmail.com.

**Kerkraad:** Lidmate dien as kerkraadslede wat as verteenwoordigers van die wyke of bedieninge optree en kwartaalliks vergader om besluite oor kerksake te neem. Navrae aan die leraars.

**Voedselskenkings**: Nie-bederfbare voedselskenkings is altyd welkom. Ons versprei dit weer aan organisasies soos Voedingsaksie, die ACVV en Nagskuiling. Die nood is regdeur die jaar baie groot. Skenkings kan op die B-Aksie tafel in die kerk geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgegee word.



**Voedingsaksie** voorsien voedsel aan talle behoeftiges in ons gebied. Lidmate kan gevriesde sop vir Voedingsaksie na die kerk bring. Groente en droë bestanddele vir die maak van kos, asook brode kan weeksoggende of Sondae na die kerk gebring word. Kontak Voedingsaksie by 021 886 8986.

**Biblioteekbediening – kerkbiblioteek:** Die kerk het 'n goeie versameling geestelike boeke wat uitgeneem kan word (vir volwassenes en kinders). Die biblioteek is gedurende die kwartaal elke tweede Sondag ná kerk oop (nie oor langnaweke nie). Kontak Marianna Kritzinger by 076 549 6600 of mari.krit@gmail.com.



# Hoe maak ek ’n verskil?

**Stellemploy** is ’n organisasie wat deur die kerke van Stellenbosch begin is om werkloosheid aan te spreek. Werkloses word hier in opleidingsprogramme bemagtig met vaardighede soos kommunikasie en geletterdheid, rekenaargebruik, tuinwerk, kookkursusse, elektrisiënwerk en motor-werktuigkundige werk. Ons gemeente het ’n nou band met Stellemploy. Ons verteenwoordiger is Betta Augustyn (betta@stellemploy.org / 072 200 3313).



**Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid, vir vroeggebore babas in ons streek**, word deur ons ondersteun, veral deur die maak van kombersies, lakens, klere en sakke (vir die Bless-a-Baby-projek). Ons gemeente se verteenwoordiger is Mary Conradie (072 268 5857 of maryc@tfdesign.co.za).

**Begeleidingsgroep**: Indien jy wil meedoen deur voorsang of bespeel van ’n musiekinstrument, kontak Winand Grundling (grundling15@yahoo.com).

**Offergawes tel**: Vrywilligers maak beurte om die kassier Maandag-oggende te help met die tel van Sondae se offergawes. Skakel die kerkkantoor 021 886 5975 of stuur ’n e-pos na kassier@stelwel.co.za as jy wil help.

**Fondsinsamelings en Gemeente-etes**: Ons het altyd hulp nodig om ons gemeente se fondsinsamelingsprojekte en gemeente-etes te laat realiseer. As jy wil help, jou tyd kan afstaan en enige idees of kontakte het, skakel die kerkkantoor.



**Koinonia Kafee**: Vrywilligers maak beurte om Sondae ná kerk tee en koffie te skink in die vierkant. Kontak die kerkkantoor 021 886 5975 of stuur ’n e-pos na skriba@stelwel.co.za as jy wil help. Daar is ook ’n behoefte vir die skink van tee tydens gedenkdienste.



**Breigroep**: ’n Groep dames brei (tuis) jurkies, mussies en truitjies vir kinders, ook serpe, teddies, handskoene, kombersies, babaklere en ander gebruiksgoed vir verskeie welsynsprojekte. Die kerkkantoor het ’n voorraad wol en patrone. Kom haal gerus of gebruik jou eie wol.

**Bediening deur dienswerkers**: Dienswerk in wyke behels die uitdeel van inligtingstukke by huise en besoeke aan siekes, bejaardes en eensames in die wyk. Kontak die kerkkantoor (021 886 5975 of skriba@stelwel.co.za).

**Klerekamer**: Donasies van klere en huisware kom na hierdie sentrale punt vanwaar dit uitgesorteer en uitgedeel word. Die koördineerder is Suzette Stiglingh (082 320 1097 / suzettestiglingh@yahoo.com).



**Jeug en Familie Bediening**: Daar is geleenthede om ons kinders (voorskool tot graad 6) te bedien en die bediening te ondersteun op verskeie maniere. Daar is ook ’n Tienerbediening (vir graad 7-12) op Sondagaande. Indien jy praktiese of kreatiewe gawes het en lief is vir kinders of tieners, kom help asb, ook met Kinderpinkster en ander sosiale geleenthede. Skakel Elzanne van der Westhuizen as jy hier wil dien (074 144 9226 / elzanne@stelwel.co.za).

**Behoeftige Studente aan die US**: Slegs ’n minderheid behoeftige studente aan universiteite ontvang NSFAS-beurse. Ons gemeente ondersteun behoeftige studente wat sukkel om te oorleef, finansieel en moreel. Ons verteenwoordiger is Wilna Naudé: 082 546 0894 / wilna.naude@yahoo.com.

**Blommerangskikkings in die kerk**: Gemeentelede maak beurte om blomme in die kerk vir Sondae te rangskik. Skakel die kerkkantoor 021 886 5975 of stuur ’n e-pos na ontvangs@stelwel.co.za as jy ’n blombeurt wil neem.

**Tuinbediening**: Lidmate wat lief is vir tuinmaak, kan help met aanplanting, raadgee en snoeiwerk in die kerktuin. As jy belangstel om te help, skakel die kerkkantoor (021 886 5975) of stuur ’n e-pos (skriba@stelwel.co.za).



**Kaartjiebediening**: Almal in die gemeente bo 70 word met handgemaakte kaartjies gelukgewens met hul verjaarsdae. Die sameroeper is Sarie Steyn (083 283 3987).

**Die ‘Sonder Brieke Klub’**: Senior lidmate kom op ’n informele basis bymekaar, leer mekaar ken en verkeer gesellig saam. Interessante byeenkomste, uitstappies en praatjies word gereël. Skakel die kerkkantoor as jy wil inskakel of wil uitvind wanneer daar weer ’n geleentheid gehou word.



**Naaldwerkgroep**: Kom knip en stik elke tweede Donderdag hier by die kerk en gee iets terug aan die gemeenskap deur o.a. klere, komberse en ander items te maak vir behoeftiges, premature babas en bejaardes. As jy kans sien om die sameroeper vir hierdie bediening te wees, skakel die kerkkantoor (021 886 5975).

**Barmhartigheids– en Kersfeesprojek**: Die gemeente pak elke jaar hierdie 2 projekte aan waar onder meer fondse, voedsel, lekkergoedpakkies, skoolbenodigdhede en toiletware vir behoeftiges in Augustus en dan weer in Oktober, November en Desember ingesamel en uitgedeel word. Lidmate word gevra vir bydraes, maar ook vir hulp met aankope, verpakking en verspreiding. Hou die gemeente se kommunikasie dop en word deel van hierdie projekte om die groot nood in ons gemeenskap te help verlig.

# Sondae



### OGGENDDIENS

Sondae tydens die kwartaal, asook vakansietye, word een diens om **09:30** gehou. Raadpleeg die webwerf vir tye van spesiale dienste tydens As-Woensdag, Paasfees, Hemelvaart, Pinkster en Kersdag. Een Sondag per kwartaal word 'n Nagmaalsdiens gehou, sowel as op spesiale geleenthede soos Belydenisafleggings en Goeie Vrydag.

# Jeugbediening



**EREDIENSTE:** Ons gemeente se visie vir ons jeug en families is dat families saam geestelik sal groei en aanbid en dat ons kinders sal leer oor geloof en die uitleef daarvan by hulle ouers asook die ouer generasies wat deel is van die gemeente. Daarom het ons een erediens waarby almal inskakel en verkies ons 'n alternatiewe kategesemodel wat hierdie visie bevorder. Die model maak gebruik van ouderdomsgerigte knypborde wat kinders kan neem by die hoofingang om mee besig te wees tydens die erediens. Ons rig dan ook die volgende ruimtes in op 'n Sondag tydens die erediens om dit vir ouers so maklik as moontlik te maak om kinders saam te bring na die erediens:

Kategese Registrasie

**BABAKAMER:** Kinders van alle ouderdomme is welkom in ons erediens! Hulle is geliefd deur die Here en deel van ons gemeente. Ouers wat dit egter verkies, is welkom om van ons ingerigte babakamer gebruik te maak waar hulle die erediens kan volg via klank en skerm.

**"WIGGLE ROOM":** Op Sondagoggende tydens die diens is ons konsistorie 'n "wiggle room"! Alhoewel kinders baie welkom is in die erediens (al is hulle woelig!), is ouers ook welkom om met hulle peuters en kleuters in die "wiggle room" te gaan sit, hardloop of speel tydens die erediens.

**KATEGESE (GR. RR-6):** Hierdie groep se primêre kategese vind plaas via die knypborde wat hulle elke Sondag kan neem by die hoofingang. Ná die diens ontmoet hulle in die saal vir 'n samevatting van wat hulle op hul knypborde gedoen het en in die erediens gehoor het.

**KATEGESE (GR. 7-10):** Ons tieners woon die oggenderediens by saam met hulle ouers (hulle kan ook knypborde neem wat hulle help om die erediens te volg en te onthou). Hulle kom dan op Sondagaande 18:00-19:00 in die leeskamer bymekaar vir hulle kategese-sessie.

**BELYDENISVOORBEREIDING**: Die groep wat voorbereiding doen om volgende jaar belydenis van geloof af te lê, woon die erediens in die oggend by saam met hulle ouers, kom saam met die tieners bymekaar op 'n Sondagaand, en het dan ook een keer per maand 'n ekstra geleentheid saam met een van die leraars.

**SPESIALE KATEGESE-GELEENTHEDE:** Daar is twee spesiale tipe Sondae waarvoor ouers en kinders kan uitkyk op die gemeentekommunikasie:
*Familiekategese:* Op hierdie Sondae kom die hele huishoudings van kinders Gr. R-11 in die saal om tafels bymekaar en gesels saam met 'n fasiliteerder oor hulle geloof. Hier lag, speel en bid ons saam!
*"Uit"-Sondae:* Hierdie Sondae is spesiaal vir ons Gr. R-6 kinders. Op hierdie Sondae kom hulle eers erediens toe saam met hul families, maar word tydens die erediens geseën en na die saal gestuur om saam 'n pret aktiwiteit te doen rakende die kerkjaar of spesiale tye van die jaar.

**KOSHUISBEDIENING:** Ons gemeente neem ook verantwoordelikheid vir die kategese vir meisies in Huis Bloemhof. Gedurende die week kom vrywilligers in die koshuis byeen met die onderskeie grade se omgeegroepe. Ons doen ook in die week belydenisvoorbereiding met die Huis Bloemhof-meisies wat ver van die huis af is.


GEROEP • GEWILLIG • GESTUUR
Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge
opbou om so sy groot opdrag uit te leef.
"Ek is die egte druiwestok en my
Vader is die landbouer... Wie in My bly
en Ek in hom, hy dra baie vrug, want
sonder My kan julle niks doen nie...
Net soos die Vader My liefhet, het Ek
julle ook lief. Bly dan in my liefde."
- Joh 15:1, 5, 9 -
SORG